Soek die Here met Ywer - Deel 4

Hersien

1. Geloof is 'n geestelike materie, dit is 'n klein deeltjie van God wat ons ontvang en aan moet vashou.
2. Ons moet in nederigheid, met 'n heilige en rein hart, wat onverdeeld is na God gaan. Daar moet 'n opregte begeerte na Hom wees.
3. Die Here sal ons beloon met Homself eerstens en ook met geestelike seëninge in hierdie lewe, maar die volheid sodra Hy terug kom.

Fokus Skrif - Hebreërs 11:6

"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."
Die wat Hom soek…

1. **Hoekom sal ons die Here wil soek?**

    a. **Mens is geskep** vir intimiteit met God. Ewige lewe is om Hom te ken (Joh. 17:3). As gevolg van die liefde van God (1 Joh. 4:8, 19).

    Johannes 15:9 *"Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad.* ***Bly in hierdie liefde van My****."*

    2 Petrus 1:4 *"waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van* ***die goddelike natuur****,"*

    b. **Dit is die eerste en grootste gebod** (Deut. 6:4-5, Lev. 19:18, Matt. 22:38-39).

2. **Wat beteken dit om die Here te soek?**

    a. ἐκζητέω *Ekzeiteo*: Om te soek met verlange, begeerte en ywer. Deur assosiasie gekoppel met aanbidding.

        i. 1 Petrus 1:10 *"Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is,* ***ondersoek*** *en nagevors"*
        ii. Romeine 3:11 *"Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God* ***soek*** *nie."*
        iii. Hebreërs 12:17 "Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane **vurig begeer**."

    Om die Here te soek vereis jou volle aandag, tyd en volharding (Matt. 6:33).

b. Die wat die Here soek, is **verstandig**, **regverdig** en **Godvresend**. (Romeine 3:10-18)

c. Om die Woord van die Here te **mediteer** dag en nag (Joh. 15:7).

i. Joshua 1:7-9 *"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar **bepeins dit dag en nag**,"*
ii. Psalms 1:2 *"maar sy behae is in die wet van die HERE, en **hy oordink sy wet dag en nag**."*

d. Om die Here in Gees en Waarheid te **aanbid** (Joh. 4:24).

i. Psalms 27:4 *"Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die **lieflikheid van die HERE te aanskou** en te ondersoek in sy tempel."*
ii. Psalms 42:2-3 *"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en **voor die aangesig van God verskyn**?"*
iii. Psalms 63:2-3 *"o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. Só het ek U in die heiligdom aanskou, om **u sterkte en u heerlikheid te sien**."*
iv. Psalms 83:2-3 *"Hoe lieflik is u woninge, o HERE van die leërskare! My siel verlang, ja, **smag na die voorhowe van die HERE**; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God."*

e. **Om op die Here te wag** in stilte met eenheid van gedagte en begeerte.

i. Jesaja 40:31 *"maar die wat **op die HERE wag**, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*
ii. Psalms 46:11 *"**Laat staan** en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde."*
iii. Psalms 25:3, 5 *"Ja, almal wat **U verwag**, sal nie beskaamd staan nie. Hulle sal beskaamd staan wat troueloos handel sonder oorsaak. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U **verwag** ek die hele dag."*

Samevatting van soek die Here

Die Here het 'n groter begeerte om met ons in 'n liefdes verhouding te wees en Homself aan ons te openbaar as wat ons het. Met groot verlange en geduld wag Hy op ons om ons te verander in Sy beeld van heerlikheid en liefde. Hy begeer 'n bruid wat gereed is. Ons sal die beste deel kies, om die res van ons lewens Hom te soek, dag vir dag, van heerlikheid tot heerlikheid.